
# Onderwysersgids

# *Kersfees in April*

**Christien Neser**

**Tafelberg, 2021**

**LET WEL:** Alle bladsynommers verwys na die eerste uitgawe van die jeugroman *Kersfees in April* (Tafelberg, 2021)




**MIEKE**

**BOEK 1**

Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **graad 6 of 7 Huistaal (of graad 8 Afrikaans Eerste Addisionele Taal)** as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit.

Hierdie gids is saamgestel deur **Dewald Koen, Fakulteit Opvoedkunde, Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha**

**Kopiereg: © Tafelberg, 2021. 'n Druknaam van NB Uitgewers**

# INHOUDSOPGAWE


| INHOUD | BLADSY |
|---|---|
| Benaderings tot die onderrig van letterkunde…………………………… | 3 |
| Afdeling A: Pre-lees (Ontleed en bespreek die voorplat)……………… | 4 |
| Biografie van die skrywer…………………………………………………… | 5 |
| Die verhaal in 'n neutedop…………………………………………………. | 6-7 |
| Literêre begrippe: Verteller……………………………………………….. | 8 |
| Literêre begrippe: Verteltyd versus vertelde tyd………………………… | 9-10 |
| Literêre begrippe: Ruimte en Plek………………………………………… | 10 |
| Literêre begrippe: Intrige en Temas……………………………………….. | 11 |
| Literêre begrippe: Botsings of Konflik…………………………………… | 12 |
| Karakterisering……………………………………………………………… | 13 |
| Karaktersketse………………………………………………………………. | 14-16 |
| Afdeling B: Lees……………………………………………………………….. | 17 |
| Afdeling C: Post-lees……………………………………...……………….. | 18 |
| Kontekstuele vrae & Opsommings (Hoofstuk 1-19)…………………….. | 18-36 |
| Memoranda (Hoofstuk 1-19)………………………………………………. | 37-45 |
| Woordverklarings…………………………………………………………… | 46 |
| Aktiwiteite vir verryking (Mondeling, Skryftake & Lees)……………….. | 47 |
| Literêre glossarium……………………………………………………….. | 48-50 |
| Bronnelys…………………………………………………………………….. | 51 |




Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## BENADERINGS TOT DIE ONDERRIG VAN LETTERKUNDE

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir **Afrikaans Huistaal** (**Senior fase, graad 7-9**) beklemtoon die belangrikheid vir die lees van letterkunde in die klaskamer. Volgens die KABV (2011:10) moet die lees van letterkunde in die klaskamer by leerders "'n sensitiwiteit wek vir taal wat meer verfyn, letterkundig, figuurlik, simbolies en betekenisvol gebruik [kan] word".

Alhoewel die onderrig van letterkunde (drama, prosa en poësie) nie altyd maklik is nie, is dit **belangrik dat leerders by die onderrigproses betrek moet word om hul kommentaar en interpretasie van die teks of gedig met ander te deel**. Onderwysers moet ook daarteen waak om nie hul eie vooroordele, interpretasie en idees oor 'n literêre teks op leerders af te dwing nie, maar eerder 'n gesonde en gebalanseerde debat oor letterkunde in die klaskamer bevorder. Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat interpretasie van 'n teks of gedig nie gaan oor wat reg of verkeerd is nie, maar oor wat binne die konteks van die literêre teks vir die leerder betekenisvol is (KABV, 2011:10).

Hier volg 'n paar wenke vir die beste benadering tot die onderrig van letterkunde soos in die KABV (2011:10) uiteengesit:

- Lees soveel as moontlik van die teks sonder enige onderbreking in die klas. Leerders wat die teks sonder ondersteuning kan lees, moet aangemoedig word om dit te doen.
- Die klem is nie op gevorderde literêre interpretasie nie, maar om aan leerders te wys hoe hulle huistaal subtiel, intelligent, verbeeldingryk en vindingryk gebruik kan word.
- Kreatiewe skryfwerk moet nou aansluit by die studie van enige literêre teks. Klasbesprekings wat tot skryfaktiwiteite lei is baie waardevol.
- Moenie slegs fokus op die onderrig van 'die regte antwoord' nie, maar fokus op die interpretasie, kreatiewe en persoonlike belewing asook die ondersoek van die literêre teks.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers


## AFDELING A: PRE-LEES

"Pre-lees stel die leerders aan die teks bekend. Dit aktiveer assosiasies en vorige kennis" (KABV, 2011:27).

- Vluglees en soeklees tekskenmerke.
- Vluglees en soeklees dele van die boek.
- Maak voorspellings gebaseer op die inligting wat uit vluglees en soeklees verkry is.
- Hanteer belangrike woordeskat wat vir leerders onbekend mag wees.

**ONTLEED EN BESPREEK DIE VOORPLAT [VOORBLAD] VAN DIE ROMAN**

**Let wel: Die volledige analise van die voorplat sal eers tydens die post-leesfase voltooi kan word.**




Meisie met rooi hare (Mieke) met 'n natuurlike agtergrond (bosveld)

'n Rooiborsbyevreter (Sien Wikipedia: https://af.wikipedia.org/wiki/Byvreter)

'n Donkie met tinsel om sy/haar nek gedrapeer



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers


## BIOGRAFIE VAN DIE SKRYWER

### CHRISTIEN NESER




**(Erkenning: Hanneri de Wet)**

Christien Neser is ’n spraakterapeut van Bryanston, Johannesburg. Sy het haar eerste boek, *Kondensmelk* (Lapa) in 2009 gepubliseer. Dit was die begin van die gewilde Elle-reeks, waarvan boek 8 in 2017 verskyn het. In 2013 verskyn *Amper Einstein*. Nes Nicci, die hoofkarakter in haar boek *Pienk is nie vir sissies nie* (Tafelberg, 2017) is Christien ook tuis op 'n bergfiets. In 2021 verskyn *Absoluut Einstein*. *Kersfees in April* (2021) is die eerste van ’n nuwe reeks boeke waarin die hoofkarakter, Mia, figureer.












Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## DIE VERHAAL IN ’N NEUTEDOP

**Mieke Maas** is dertien jaar oud en woon saam met haar pa in ’n grasdakhuis op ’n wildreservaat in Limpopo. Haar pa is ’n veearts en rehabiliteer beseerde diere waarna hy hulle weer in die natuur vrylaat.

Aan die begin van die jeugroman besluit Mieke dat sy sonder haar pa se toestemming met ’n tou bo-oor die swempoel tot in die rivier gaan spring. Mieke slaag daarin, maar is kwaad toe sy uitvind dat haar beste vriend, **Fenyan**, haar sprong nie met haar selfoon opgeneem het nie. Fenyan het iets in die rivier gesien wat moontlik ’n krokodil kan wees.

Op Mieke se dertiende verjaardag verras haar oupa haar met ’n paar rooi stewels. Later gaan Mieke na die rivier en sien hoe ’n krokodil vir **Lukas** aanval. **Oupa Bosjan** red Lukas se lewe deur met die krokodil te stoei. Dieselfde krokodil word later deur een van **meneer Cassidy** se manne (**Brad Sharp**) doodgeskiet. Mieke se Nederlandse tante (**Sylvie**) het vir haar ’n geskenk gestuur wat naas onderklere ook haar oorlede ma se dagboek insluit.

Na die langnaweek ry Mieke en Fenyan soos altyd met hulle onderskeie donkies skool toe. Hulle gesels oor die **Natuurkennis-kompetisie** waaraan hulle volgende Saterdag gaan deelneem. Meneer Sharp staan by die skool vir die landmeter en wag. Dit voorspel niks goed nie. **Suster Maria** vra vir Mieke en Fenyan om van die kinders op te pas terwyl sy die skool gaan probeer red. Wanneer Mieke vir die kleintjies onder die groot storieboom (kremetartboom) laat sing, vertel die landmeter vir Mieke wat meneer Sharp beplan. Die voortbestaan van St Joseph’s Private School asook die storieboom is in gedrang.

Daardie aand vertel Mieke vir Sylvie wat meneer Sharp beplan. Sylvie kom met ’n plan vorendag om die skool asook die groot **kremetartboom** te red. Die volgende oggend deel Mieke haar plan met haar klasmaats asook die res van die skool. Die kinders is baie opgewonde en Mieke tref al die nodige reëlings vir die **Kerskonsert** om te kan plaasvind.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Die volgende Vrydagoggend staan Mieke vroeg op om alles gereed te kry vir die Kerskonsert. **Ouma Maggi** het die eetgoed vir die funksie voorberei. Ook Lukas daag saam met Fenyan se pa (**oom Patrick**) in die helikopter op om na die Kerskonsert te kom kyk. Fenyan maak 'n opname van die Kerskonsert. Mieke se pa gaan die opname vir **Sylvie** in Amsterdam stuur waarna Sylvie dit op haar nuusprogram gaan uitsaai. Na afloop van die Kerskonsert oorhandig Suster Maria 'n boek vol sketse van die storieboom aan meneer Sharp. Dit is alles deel van hulle plan om meneer Sharp om die bos te lei sodat hulle tyd kan wen om die skool en die kremetartboom te red.

Die Vrydagaand slaap Mieke in Excelsis se skoolkoshuis nadat haar pa en oom Patrick vir haar en Fenyan met die helikopter op die skool se rugbyveld afgelaai het. Mieke verslaap die volgende oggend en is amper laat vir die Natuurkennis-kompetisie. Tydens die kompetisie slaag Mieke se span daarin om die algemene kennisvrae korrek te beantwoord en sodoende as die wenners van die kompetisie aangewys te word.

Na afloop van die kompetisie lig Mieke se pa haar in van die gebeure nadat Sylvie se program uitgesaai is. Die goeie nuus is dat die skool asook die kremetartboom gered is en nie vir 'n verlengde vliegveld hoef plek te maak nie.

Tafelberg

Mieke besluit dat sy nie volgende jaar in die koshuis wil bly nie en aanlyn gaan skoolgaan. Fenyan sê dat hy die toelatingstoets by Excelsis gaan skryf en Mieke besef dat hulle paaie moontlik in graad agt gaan skei aangesien sy en Fenyan nie meer in dieselfde skool sal wees nie. Ten spyte daarvan is Mieke egter vas oortuig dat sy op **Mtwana** wil bly.





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE BEGRIPPE

### ROMAN (NOVEL) - DEFINISIE

Die woord “roman” beteken letterlik “’n boek geskryf” in Romaans (Grové 1963:80). Die roman is ’n **prosaverhaal waarin mense (karakters) “geplaas in ’n sekere omgewing**, geteken word in hulle begeertes, hulle onderlinge verhoudinge en hulle handelinge” (1963:80). **Die klem val dus op karakterontwikkeling** eerder as ’n beskrywing van die handelinge.



### DIE VERTELLER (PROTAGONIS)

Elke verhaal het ’n **verteller**. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die **skrywer en die verteller nie dieselfde persoon is nie**. Die menings van die verteller is nie noodwendig die van die skrywer nie. In *Kersfees in April* is die **skrywer Christien Neser en die verteller is ’n derdepersoonsverteller**. Ons kan tussen drie soorte vertellers onderskei:

### EERSTEPERSOONSVERTELLER

Die eerstepersoonsverteller is ook bekend as die **ek-verteller**. Die verhaal word slegs uit die gesigshoek van die een karakter in die verhaal vertel. Die ek-verteller weet egter nie wat die ander karakters dink en voel nie, maar kan slegs afleidings uit die ander karakters se handelinge of optrede maak. Die ek-verteller is besonder geslaagd as verteller om sy of haar eie gevoelens en emosies te beskryf.

### ALOMTEENWOORDIGE VERTELLER

Hierdie tipe verteller vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Hy/sy is oral teenwoordig op elke plek, ruimte en tyd.

### DERDEPERSOONSVERTELLER

Die derdepersoonsverteller beskik oor **beperkte alwetendheid** en die skrywer van die roman beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters **(In *Kersfees in April* is dié karakter Mieke Maas)**. Die skrywer is aan die kant van die karakter en beleef die gebeure in die verhaal deur die karakter se gees.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**FOKALISASIE – WIE SIEN?**

Die verhouding tussen die elemente van die verhaal en die **visie van waaruit hulle aangebied** word.

(Mieke Bal in Cloete, Botha & Malan, 1985)

## TYD

## VERTELTYD VERSUS VERTELDE TYD

**Verteltyd**: Die term 'verteltyd' verwys volgens Brink (1987:92) na "die tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel". (Met ander woorde die aantal bladsye van die novelle of roman.)

**Vertelde tyd**: Die 'vertelde tyd' dui op "die periode wat deur die storie gedek word vanaf die vroegste tydsmoment waarna [in die teks] verwys word" (1987:92). Steenberg (1985:90) noem die 'vertelde tyd' die 'leestyd' wat "meetbaar [is] in minute, ure, dae [en] weke".

Die jeugroman *Kersfees in April* se **verteltyd** strek dus oor **159 bladsye** bestaande uit **negentien hoofstukke**. Die **vertelde tyd** strek oor twee weke in April.

Die verhaal word **chronologies** aangebied.

Tafelberg

## TYDSVERLOOP

### CHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Chronologiese tydsverloop verwys na **tyd wat op mekaar volg** bv. Maandag, Dinsdag, Woensdag of oggend, middag en aand.

### ACHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP


Achronologiese tydsverloop verwys na **tydsverloop wat nie op mekaar volg nie**. Dis tydsverloop in die verhaal word afgewissel. Daar is **tydspronge en terugflitste** na gebeure wat in die verlede plaasgevind het. Die hede en verlede word ook met mekaar afgewissel.

In die jeugroman *Kersfees in April* is die verloop van tyd **chronologies**.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## UITEENSETTING VAN DIE VERTELDE TYD IN DIE JEUGROMAN




## RUIMTE OF PLEK

Vanuit ’n narratologiese oogpunt word daar volgens Venter (1985:95-96) drie vorme van ruimtelikheid in die epiek (roman / novelle) onderskei:

1. Die **genarrateerde (vertelde) storietuimte** (die **plek** waar die storie afspeel)
2. Die **narratiewe verhaalruimte** (die **wyse waarop die storieruimte vertel word**)
3. Die **diskursiewe vertellersruimte** (Die vraag na die instansie uit wie se ruimtelike bewussyn waargeneem of gefokaliseer word.)

Die **genarrateerde (vertelde) storieruimte** in *Kersfees in April* is maklik identifiseerbaar. Die ruimte waarin die roman afspeel is op ’n **wildreservaat in Limpopo**.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## INTRIGE

## RAAMWERK VAN GEBEURE


Die term "intrige" verwys na die **plan waarvolgens die verhaal (storie) ontwikkel**. Dit word ook die **raamwerk van gebeure** genoem. Die intrige verwys na die **volgorde waarin die gebeure in die verhaal plaasvind**. Intrige lei tot spanning. Indien die intrige nie deursigtig of maklik voorspelbaar is nie, is die roman meer geslaagd aangesien dit die leser enduit sal boei.

## TEMAS

Die tema van die verhaal verwys na enige lewenswaarheid en/of –insig wat uit die verhaal voortspruit. 'n Tema is altyd universeel en is nie gebonde aan tyd, ruimte, omstandighede of 'n karakter nie. **Voorbeelde: natuurbewaring, verlies, vriendskap en spanwerk.**

## TITEL

Die titel verwys na die naam van die verhaal (storie). Die titel van die jeugroman is dus *Kersfees in April*. Die titel is 'n belangrike komponent aangesien dit die verhaal ontsluit. Die titel bevat ook dikwels 'n tema of temas uit die jeugverhaal soos in dié geval waar ***Kersfees in April*** **verwys na die Kerskonsert wat Mieke se skool (tydens Aprilmaand) aanbied as deel van hul poging om die skool asook die groot kremetartboom se voortbestaan teen Brad Sharp se slinkse planne te red**.





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**BOTSINGS OF KONFLIK**

Twee tipes botsings kan in ’n verhaal voorkom naamlik **uiterlike botsing of innerlike botsing**.

**Uiterlike botsing word met geweld assosieer** soos gevegte tussen karakters, niefisiese botsings soos ’n argument of selfs net ’n deurborende kyk van een karakter na ’n ander. **Voorbeeld: Brad Sharp veroorsaak gereeld konflik tussen karakters soos Mieke se pa asook Suster Maria.**

**Innerlike botsing verwys na konflik in die karakter se gemoed**. Voorbeelde van innerlike konflik sluit in geestelike, emosionele of selfs morele wroeging. Innerlike botsing vind plaas wanneer ’n karakter emosioneel oor iets wroeg. **Voorbeeld: Fenyan ervaar innerlike konflik oor sy ouers se egskeiding. Mieke wonder wat sal gebeur wanneer sy en Fenyan nie meer in graad agt in dieselfde skool sal wees nie.**

Verdere voorbeelde sluit in **die botsing tussen die mens en sy/haar omgewing** wat botsings tussen die mens en die maatskaplike orde soos egskeiding, armoede, verslawing ensovoorts insluit.

Tafelberg

**Botsing kan ook plaasvind tussen die mens en die natuur** wanneer die natuur deur ’n dier, woestyn of rivier versimboliseer word. Dink byvoorbeeld aan ’n daadwerklike botsing tussen ’n jagter en die leeu wat die jagter bespring wanneer die geweerskoot afgaan. **Voorbeeld: Brad Sharp wat die krokodil skiet of Oupa Bosjan wat Lukas se lewe red deur met die krokodil te stoei.**





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

# KARAKTERISERING

## HOOFKARAKTER

**Mieke Maas is die hoofkarakter** (protagonis) in die jeugroman. Sy is die sentrale figuur waarom die gebeure in die teks afspeel. **Die hoofkarakter ondergaan karakterontwikkeling** en word ook 'n **ronde karakter** genoem. Hierdie tipe karakter se innerlike sowel as die uiterlike word duidelik aan die leser uitgebeeld.

## NEWEKARAKTERS

**Newekarakters word ook plat- of vlakkarakters genoem**. Hierdie karakters word by die verhaal betrek om die hoofkarakter te belig. Die newekarakters ondergaan geen noemenswaardige karakterontwikkeling nie en dra by tot moontlike botsing waarin die hoofkarakter sy/haar innerlike aan die leser kan openbaar. **In *Kersfees in April* sal Ouma Maggi en Suster Maria 'n voorbeeld van 'n newekarakter wees.**

## KARAKTERBEELDING (KARAKTERSKETS)

### EKSPLISIETE KARAKTERBEELDING

Eksplisiete karakterbeelding kan geskied deur dit wat die verteller oor die karakter aan die leser meedeel of dit wat die ander karakters in die roman (verhaal) van die karakter sê of dink.

### IMPLISIETE KARAKTERBEELDING

**Implisiete karakterbeelding word deur die optrede van die hoofkarakter aan die leser oorgedra** waaruit die leser die volgende afleidings kan maak naamlik die voorkoms en uitbeelding van die karakter se omgewing, die karakter se houding en handelinge asook wat die karakter van hom- of haarself dink en sê.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| KARAKTER | KARAKTERSKETS |
|---|---|
| **Mieke Maas** | Mieke Maas is die **hoofkarakter** in die jeugroman en ’n enigste kind. Sy het pas dertien jaar oud geword, het rooibruin hare en woon saam met haar pa op die Mtwana wildreservaat. Sy is die enigste meisie in haar laerskool (graad sewe) en is deur Suster Maria as een van die hoofprefekte aangestel. Mieke se pa noem haar graag “Poenie” aangesien sy as baba min hare gehad het en hulle gedink het dat sy nooit hare gaan kry nie. Sy kan vlot Setswana praat en het ook kennis van noodhulp wat sy by haar oupa geleer het. |
| **Jos Maas** | Dr Jos Maas is ’n veearts. Hy het ’n roesbruin hare, rooibruin baard en werk op die Mtwana wildreservaat. Brad Sharp van Cassidy’s verwys na hom as Rooijan. |
| **Elske Maas (Nooiensvan: Meerhof)** | Mieke se ma het gesterf toe sy in graad twee was nadat sy deur ’n muskiet gebyt is en haar brein deur ’n parasiet aangetas is. Sy het blou oë en blonde hare gehad. Sy is in Nederland gebore en het ’n suster genaamd Sylvie. |
| **Jan Maas (Bosjan)** | Jan Maas is Mieke se oupa. Hy is ’n mediese dokter, maar is plaaslik as ’n bossiedokter bekend. Hy het blou oë met lang grys hare wat hy in ’n vlegsel dra asook ’n oorring in sy linkeroor. Hy dra ook ’n klomp leerarmbande aan elke pols. Hy woon in ’n boomhuis. Sy bynaam is Bosjan. |
| **Patrick Sebueng** | Patrick is die hoofnatuurbewaarder op die aangrensende nasionale park, Kubu. Sy seun, Fenyan, is saam met Mieke op skool. Hy is ’n goeie skut asook helikoptervlieënier. |
| **Fenyan (Fen) Sebueng** | Fenyan woon saam met sy pa op Kubu. Hy is dertien jaar oud en in graad sewe. Hy en Mieke is die skool se hoofprefekte. Sy ouma bestuur die lodge op Mtwana. |
| **Gloria Sebueng** | Sy is Fenyan se ma. Sy en haar man het geskei toe Fenyan in graad twee was. Sy het gaan studeer en ’n prokureur geword. Sy woon en werk in Pietersburg (Polokwane). |
| **Ouma Maggi** | Ouma Maggi is Fenyan se ouma en bestuur die lodge op Mtwana. Sy is kort en streng. |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Suster Maria** | Suster Maria is die hoof van Mieke se skooltjie genaamd St Joseph's. Sy is baie oud en was ook Mieke se pa en oom Patrick se onderwyser toe hulle op laerskool was. Sy is van Ierse afkoms, maar praat al die tale van die omgewing vlot. Sy het blou oë en dra 'n bril. |
| **Dennis Lessing (Smiley)** | Dennis is saam met Mieke en Fenyan op skool. Hy is een van die drie lede van die skoolspan wat aan die Natuurkennis-finaal gaan deelneem. Hy het dieselfde bynaam as sy pa naamlik "Smiley". |
| **Ou Smiley Lessing** | Ou Smiley is 'n bynaam wat Mieke se pa en oom Patrick vir Dennis se pa gegee het toe hy saam met hulle op laerskool was. Hy is 'n beroepsjagter en het 'n vieslike humeur. |
| **Lukas Mapai** | Lukas is 'n veewagter en word deur 'n krokodil aangeval. Mieke se oupa red sy lewe. |
| **Brad Sharp** | Brad werk vir meneer Cassidy. Hy is 'n slinkse persoon wat vinnig sy humeur verloor. Sy kaal kop is rond, sy arms is rond en sy lyf lyk soos 'n vaatjie. |
| **Sylvie Meerhof** | Sylvie is Mieke se ma se suster. Sy woon in Amsterdam (Nederland). Sy het haar eie nuusprogram op Nederlandse televisie. |
| **Sean Cassidy** | Hy is die oorlede eienaar en vader van die huidige eienaar van Cassidy's. Hy en Suster Maria het op dieselfde Ierse dorpie grootgeword. |
| **Juffrou Naledi** | Sy onderrig die heel kleintjies by St Joseph's Private School (Graad R-3). |
| **Juffrou Lettie** | Sy onderrig graad vier tot ses by St Joseph's Private School. Sy rook baie sigarette wanneer sy gespanne is. |
| **Everglad, Blessing, Hemingway, Dik Frik, Desmond en die Khotso-tweeling** | Hierdie seuns is in Mieke se graad sewe-klas by St Joseph's Private School. |
| **Mbali** | Mbali is een van die jong leerders in Mieke se skool. Sy oorhandig die uitnodiging aan meneer Sharp. |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Dirkie Vos** | Hy het die rol van Maria in die kerskonsert gespeel toe Mieke en Fenyan se pa's leerders aan St Joseph's Private School was. |
| **Lucy** | Lucy is Mieke-hulle se skaaphond (herdershond). Sy het geel oë en is so rats soos 'n jakkals en so taai soos 'n ratel. Lucy se ma was 'n opreggeteelde skaaphond. |
| **Meisie** | Meisie is die naam van die donkie waarmee Mieke skool toe ry. |
| **Haastig** | Haastig is die naam van die donkie waarmee Fenyan skool toe ry. |
| **Duimpie** | Duimpie is 'n klein baba-nagapie wat Mieke versorg. Duimpie is naas Ore, Ogies, Snoetie, Snorre en Bekkie die sesde nagapie wat Mieke versorg. |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING B: LEES


"Lees verwys na die **verstaan van die teks** en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan" (KABV, 2011:23).

- Toon aktiewe begrip van die teks.
- Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.
- Gebruik leesbegripstrategieë.
- Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

**WENK**

**Moenie te veel klem plaas op die skriftelike beantwoording van vrae tydens die leesfase nie. Dit mag leerders ontmoedig om die verhaal sowel as die leesproses te geniet. Die verhaal moet eers waardeer word voordat daar tydens die post-leesfase enige vorm van assessering plaasvind.**

**Vermy ook om vrae gebaseer op die roman vir 'tuiswerk' te gee. Staan tyd tydens die les af vir leerders om vrae in die klas te beantwoord om sodoende kritiese denke en besprekings oor die roman aan te moedig.**





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING C: POST-LEES

"Post-lees stel leerders in staat om die **teks as geheel te beskou en daarop te reageer**" (KABV, 2011:23).

### HOOFSTUK 1

**Opsomming:**

Mieke is besig om hoenderpote vir 'n aasvoël te voer. Later bars daar chaos los in die wildevy langs die kliniek aangesien 'n slang een van die vinke se kuikens uit die nes gehaal het om te eet. Mieke probeer die slang verjaag. Sy voel hartseer vir die vinke se onthalwe. Haar pa herinner haar egter daaraan dat dit die wet van die natuur is. Sy en hul skaaphond, Lucy, ry saam met haar pa om die reusevisvanger wat gerehabiliteer is by die rivier vry te laat. By die ingang van die reservaat wys haar pa vir haar die nuwe groen naambord. Mieke sit met die visvanger en gesels op pad na die rivier. Sy wil graag in die rivier swem en met die tou wat aan die njalaboom se tak vasgebind is, swaai. Haar pa waarsku haar dat dit gevaarlik is aangesien die tou oud is en die rivierwater stilstaande is. Gevolglik kan Mieke Bilharzia opdoen indien sy in die stilstaande water sou swem. Nadat haar pa die visvanger vrygelaat het, is daar 'n fluit op die radio. Die hoofwildbewaarder op Kubu kondig aan dat daar 'n probleem is.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

1.1. Die titel van die hoofstuk verwys na "Mtwana". Wat beteken die woord? (**Wenk: Gebruik 'n aanlynwoordeboek om die vraag te beantwoord.)**

1.2. Soek prente van die volgende voëlspesies en plak die foto van elke voël in jou werkboek: witkruisarend, tarentaal, katlagter, vink, kwêvoël, tiptol, hoep-hoep, visvanger en hadida.

1.3. Stem jy saam met Mieke dat die natuur wreed is? Gee 'n rede vir jou antwoord.

1.4. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Mieke se pa skakel haar op haar selfoon wanneer hy op soek is na haar.

1.5. Wat is die betekenis van die volgende gesegde?

'n Mens kyk nie 'n gegewe perd in die bek nie.

1.6. Beskryf die uitleg van die wildreservaat waar Mieke se pa werk.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

1.7. Verklaar die volgende aanhaling: “Die angel van die perdeby sit nie in sy vlerke nie” (bl. 11). Watter boodskap wil Mieke se pa met laasgenoemde oordra?

1.8. In watter provinsie is die wildreservaat geleë?

1.9. Op watter twee maniere word die wildreservaat befonds?

1.10. Verduidelik wat “Bilharzia” is (bl. 12). **(Raadpleeg die internet of ’n biblioteek.)**

1.11. Waarna verwys die term “perdedokters”? (bl. 13)

1.12. Verduidelik hoekom Mieke se pa nie sy toestemming wil verleen (gee) dat sy ’n swaaitjie aan die tou mag neem nie.

1.13. Waarom moet Mieke se pa leerhandskoene dra wanneer hy die visvanger vrylaat? Verduidelik.

**HOOFSTUK 2**

**Opsomming:**

Mieke se pa maak gereed om ’n trop jong olifantbulle per helikopter terug na die nasionale park te jaag aangesien hulle deur die elektriese heining na ’n piesangplantasie deurgebreek het. Hy neem sy pylgeweer, paspoort, flits en sy selfoon saam. Mieke voed ’n baba-nagapie wat in ’n skoenboks voor hulle agterdeur gelos is. Haar pa waarsku haar daarteen om nie vir die wilde diere name te gee nie aangesien dit nie ’n troeteldier is nie. Mieke herinner haar pa daaraan dat hy Maandag paaseiers moet wegsteek aangesien dit ’n gesinstradisie is. Haar pa terg haar daaroor en vra of ’n tienermeisie nie te oud is vir paaseiers nie. Oom Patrick kondig per radio aan dat Fenyan ook in die helikopter is en vra of hy op Mtwana kan bly totdat hulle klaar is. Mieke is baie opgewonde oor Fenyan se koms en beraam reeds planne. Haar pa herinner haar daaraan dat sy en Fenyan hulself moet gedra terwyl hy en oom Patrick die olifante terugjaag na die natuurreservaat toe. Mieke is egter van plan om haarself later daardie middag in die Limpoporivier te gaan doop.

**Kontekstuele vrae:**

2.1. Verduidelik waarom Mieke se pa nie daarvan hou dat sy die baba-nagapie soen nie.

2.2. Watter tradisie beoefen die Maas-gesin jaarliks op die Maandag na Paassondag?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

2.3. Watter afleiding kan die leser maak wanneer Mieke opmerk dat die glimlag uit haar pa se oë verdwyn wanneer sy na haar ma verwys?

2.4. Om watter rede het die olifanttrop uit die natuurreservaat gebreek? Verduidelik.

2.5. Van watter land is Suster Maria afkomsitg?

2.6. Wat is die huidige naam van die stad Pietersburg (bl. 22)?

2.7. Vir watter kompetisie moet Mieke en Fenyan voorberei?

2.8. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Mieke is reeds dertien jaar oud.

2.9. Lees die volgende vraag en kies die korrekte antwoord deur slegs die letter langs die vraagnommer neer te skryf.

**Op watter wyse pendel Mieke en Fenyan daagliks na hul laerskool?**

A: Mieke en Fenyan pendel per helikopter na die laerskool.
B: Mieke en Fenyan pendel per perd na die laerskool.
C: Mieke en Fenyan pendel per donkie na die laerskool.
D: Mieke en Fenyan pendel per bakkie na die laerskool.

2.10. Verduidelik waarom dit Mieke irriteer wanneer haar pa haar "Poenie" noem.

2.11. Waarom, dink jy, het Mieke besluit om haarself daardie middag in die Limpoporivier te doop? Verduidelik.

Tafelberg

2.12. Sou jy daarvan gehou het indien jy in 'n wildreservaat kon woon? **Bespreek in die klaskamer**.

## HOOFSTUK 3

### Opsomming:

Mieke en Fenyan is op pad na die rivier. Mieke is vasbeslote om van die swaai af in die rivier te spring voor sy dertien jaar oud word. Fenyan het egter sy bedenkinge en waarsku haar daarteen. Mieke wil net so ver soos Fenyan spring toe hy dertien jaar oud geword het. Boonop wil sy verder as Dennis spring. Deur so ver te kan spring, wil Mieke haar troetelnaampie (Poenie) vir eens en vir altyd uitwis aangesien sy van mening is dat sy nou nie meer 'n klein dogtertjie is nie. Mieke slaag uiteindelik daarin om tot in die diep stroom te spring. Toe sy vanuit die water na die rivierwal kyk, sien sy dan Fenyan nie meer daar is nie.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

3.1. Dink jy dat Fenyan se opmerking teenoor Mieke dat sy nie hoef te doen wat hy en sy pelle doen nie seksisties is? **Bespreek jou antwoord in die klaskamer**.

3.2. Wat gaan Mieke heel waarskynlik van haar oupa vir haar verjaardag kry?

3.3. Verduidelik waarom Fenyan se opmerking "stil soos 'n krokodil" (bl. 29) humoristies is.

3.4. Watter taak moet Fenyan verrig wanneer Mieke aan die tou gaan swaai om in die rivier te spring?

3.5. Indien Mieke jou vriendin was, wat sou jou reaksie gewees het op haar plan en sou jy haar omgepraat het om van besluit te verander? Bespreek.

3.6. **Klasbespreking**: Watter tendense is daar onder hedendaagse tieners wat gewaagd of selfs gevaarlik kan wees?

3.7. Sou jy sê dat sosiale mediaplatforms soos facebook, instagram en tiktok as subtiele motivering dien vir tieners om opnames van gevaarlike of gewaagde aksies van hulself op te laai om sodoende meer kykers of duimpies (likes) te lok?

3.8. Watter moontlike gevare kan daar in 'n groot rivier soos die Limpoporivier skuil?

Tafelberg

**HOOFSTUK 4**

**Opsomming:**

Mieke is smoorkwaad toe sy opmerk dat Fenyan nie op die rivierwal staan nie aangesien hy 'n opname van haar moes maak waar sy aan die tou bo-oor die swempoel tot binne-in die rivier swaai. Fenyan het egter ook in die rivier gespring nadat hy iets waargeneem het terwyl hy die video-opname van Mieke gemaak het. Mieke het aanvanklik gedink hy maak 'n grap, maar wanneer hulle na die video-opname kyk, gewaar sy ook iets wat moontlik die stert van 'n krokodil kan wees. Dit laat hulle wonder of daar wel 'n krokodil in die rivier skuil en of ander se lewens in gevaar mag wees indien hulle in die rivier sou swem.

**Kontekstuele vrae:**

4.1. Verduidelik waarom Mieke ontsteld is toe sy nie vir Fenyan op die rivieroewer gewaar (sien) nie.

4.2. Watter doel het Mieke in gedagte gehad toe sy die besluit geneem het om bo-oor die swempoel tot binne-in die rivier te swaai?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

4.3. Waarmee was Fenyan van plan om die krokodil af te weer indien Mieke aangeval sou word? Dink jy dit was ’n wyse besluit gegewe die omstandighede waarin hulle hulself bevind het? Bespreek.

4.4. Wat behels die Poenie-en-Patrys-eed?

4.5. Watter bewys het Fenyan dat hy moontlik ’n krokodil in die rivier gewaar het?

4.6. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Mtwana is op die grens tussen Suid-Afrika en Botswana geleë.

4.7. Verduidelik waarom die plaasbestuurders van Cassidy’s hulle nie aan enige reëls of goeie buurmanskap steur nie.

4.8. Waarom is dit gevaarlik vir diere indien mense rommel op ’n rivierwal agterlaat soos in die geval van die leë bierbottels? Verduidelik.

4.9. Hoe lank neem dit om vanaf Mieke se huis na die rivier te stap?

4.10. Dink jy Mieke en Fenyan sal hulle pa’s van die insident by die rivier kan vertel? Gee ’n rede vir jou antwoord.

**HOOFSTUK 5**

**Opsomming:**

Na afloop van die middag se gebeure is Mieke en Fenyan druk besig om vas te stel watter tipe dier hulle by die rivier gesien het. Hulle vermoed dat dit ’n krokodil was, maar die stert lyk anders as die van die Nylkrokodil in Mieke se pa se veldwagtersgids. Mieke gee vir Fenyan iets om te eet en voer vir Duimpie. Later begin hulle oor hulle ma’s gesels en Fenyan is duidelik ontsteld oor sy ouers se egskeiding. Hy voel dat sy ma ’n loopbaan bo haar seun gekies het en hom en sy pa in die steek gelaat het. Mieke kom met ’n plan vorendag waarmee hulle die dier kan identifiseer. Fenyan kondig aan dat hy die volgende oggend terug na die rivier gaan gaan om ’n duidelike foto van die dier wat moontlik ’n krokodil is te neem sodat hulle die foto vir hulle pa’s kan wys. Mieke ly nog aan skok oor die middag se gebeure en gaan na haar slaapkamer terwyl Fenyan in die kombuis wag vir hulle pa’s om terug te keer.

**Kontekstuele vrae:**

5.1. Waaroor het Mieke en Fenyan navorsing gedoen?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

5.2. Verduidelik waarom Mieke-hulle eerder sonpanele gebruik om elektrisiteit op te wek. Wat mag ’n moontlike rede vir hierdie besluit wees?

5.3. Verduidelik wat bosluiskoors is. **(Raadpleeg die internet of ’n biblioteek.)**

5.4. Watter beroep beoefen Fenyan se ma?

5.5. Met watter plan kom Mieke vorendag om die raaisel oor die krokodil op te los?

5.6. Waarom gaan Sondag ’n spesiale dag vir Mieke wees?

5.7. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Mieke se ma en pa is geskei.

5.8. Hoe sal jy Fenyan se gevoel teenoor sy ma beskryf?

5.9. Lees weer die titel van die hoofstuk. Waarna verwys die titel van die hoofstuk? **(Doen ’n internetsoektog of besoek ’n biblioteek se kinderboekafdeling.)**

5.10. Hoe sluit die titel van die hoofstuk by die krokodil se stert aan? Verduidelik.

**HOOFSTUK 6**

**Opsomming:**

Mieke word wakker met haar oupa wat teen die agterdeur hamer. Hy is baie opgewonde om Mieke te sien aangesien dit haar dertiende verjaardag is. Hy sing vir Mieke en gee vir haar haar geskenk. Sy is mal oor haar nuwe rooi stewels wat haar oupa spesiaal vir haar gemaak het. Mieke het ’n baie goeie verhouding met haar oupa en kan al haar geheime met hom deel. Terwyl Mieke in die stort is, is daar ’n stem op die roepradio in die kombuis. Haar oupa klink baie bekommerd en Mieke besluit sy beter vinnig in die kombuis kom. Haar oupa sê dat daar glo ’n ding in die water by die rivier is. Mieke wys vir haar oupa die video op haar selfoon en hy is duidelik kwaad dat sy in die rivier geswem het aangesien daar moontlik ’n krokodil in die water skuil. Hulle ry met die donkies rivier toe om by Mieke se pa, oom Patrick en Fenyan aan te sluit.

**Kontekstuele vrae:**

6.1. Watter ritueel volg Mieke se oupa elke jaar met haar verjaardag?

6.2. Om watter rede het Mieke se oupa juis vir haar skoene vir haar verjaardag gegee? Verduidelik.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

6.3. Verduidelik waarom Mieke se rooi stewels nie egte Doc Martens is nie.

6.4. Wat maak haar oupa se geskenk ekstra spesiaal op haar dertiende verjaardag? Verduidelik waarom dit vir Mieke so besonders is.

6.5. Verduidelik waarom Mieke nie van muskiete hou nie.

6.6. Mieke het ’n baie goeie verhouding met haar oupa. Waarom is haar oupa kwaad vir haar?

6.7. Wat beteken dit as ’n donkie steeks is? Verduidelik. **(Gebruik ’n woordeboek om die betekenis van die woord na te slaan.)**

6.8. Het jy al ooit op ’n donkie se rug gery? Indien wel, deel jou ervaring met jou klasmaats.

6.9. Sou jy Mieke se oupa as ’n eksentrieke persoon beskryf? Gee ’n rede vir jou antwoord.

## HOOFSTUK 7

### Opsomming:

Tafelberg

Mieke kom by die rivier aan en haar pa wens haar geluk met haar verjaardag. Hy sê dat hulle later sal gesels wat haar laat vermoed dat haar pa reeds weet wat die vorige middag gebeur het. Lukas en sy broers laat hulle bokke langs die rivier wei aangesien hulle boorgat droog is en die bokke water uit die rivier moet kom drink. Oupa komplimenteer Lukas op sy stewels. Hulle probeer Lukas waarsku dat daar ’n krokodil in die rivier is, maar toe Lukas probeer om die ram te red wat nie by die res van die trop was nie, het die krokodil hom beetgekry. Oupa het ’n boomwortel opgetel en met die swaaitou tot in die rivier geswaai om Lukas te help, maar die tou het gebreek. Hy swem tot by die krokodil, plaas sy bene om die krokodil se lyf en plaas sy een arm om die krokodil se nek. Dan slaan hy die krokodil met die boomwortel op sy neus en werk die boomwortel tussen die krokodil se tande in. Later tol haar oupa en die krokodil in die water en die krokodil laat vir Lukas los. Oupa kry vir Lukas in ’n kopklem beet en oom Patrick help hom om Lukas tot onder die njalaboom te dra. Mieke doen hartmassering op Lukas soos wat haar oupa haar geleer het. Eindelik slaag hulle daarin om Lukas weer by te bring. Oupa bind Fenyan se hemp om Lukas se wond en vra vir Fenyan om Lukas se hande te masseer om die bloedsomloop aan die gang te hou. Mieke is getraumatiseer deur die gebeure en verloor haar bewussyn.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

7.1. Verduidelik waarom Lukas en sy broers hulle bokke rivier toe gebring het.

7.2. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Lukas het self die mooi stewels gemaak waarop Oupa hom komplimenteer.

7.3. Waarom is Mieke-hulle bekommerd oor Lukas wat sy bokke by die rivier laat water drink? Verduidelik.

7.4. Hoe het Mieke se pa uitgevind dat sy die vorige middag met die swaaitou tot in die rivier gespring het?

7.5. Dink jy Oupa was wys om in die rivier te spring om Lukas te probeer red? Verduidelik.

7.6. Wie is "Oom Bosjan" na wie Fenyan verwys?

7.7. Hoekom het Oupa geweet wat om te doen om Lukas weer by te bring?

7.8. Wat kan met Lukas gebeur indien hulle hom nie vinnig by 'n hospitaal kan kry nie? Verduidelik.

7.9. Wat sou jy in soortgelyke omstandighede gedoen het indien 'n persoon deur 'n krokodil aangeval word? **Bespreek in die klaskamer.**

**HOOFSTUK 8**

**Opsomming:**

Oom Patrick en Oupa het vir Lukas met die helikopter hospitaal toe geneem. Mieke se pa het die krokodil met die pylgeweer verdoof sodat die krokodil hervestig kan word. Brad, een van meneer Cassidy se manne, daag met sy geweer by die rivier op. Hy het oor die radiokanaal gehoor wat gebeur het en het gekom om die krokodil wat uit hulle gevangenskap ontsnap het te skiet. Mieke se pa probeer hom ompraat om nie die krokodil te skiet nie aangesien die krokodil reeds verdoof is. Brad bly egter vasbeslote om die krokodil te skiet aangesien meneer Cassidy's bang is dat hy gaan moet betaal indien die krokodil iemand opvreet. Boonop soek Cassidy's International nie enige slegte publisiteit nie. Brad word egter deur Mieke se pa van die reservaat verwilder nadat hy dreig om hom met die pylgeweer te verdoof. Nadat Brad van die toneel gevlug het, daag Ouma Maggi onverwags op. Sy het 'n donderwolk op haar gesig.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

8.1. Verduidelik waarom Mieke haar bewussyn verloor het toe sy Lukas se besering gesien het ten spyte daarvan dat sy altyd bystaan wanneer haar pa opereer.

8.2. Waarheen gaan Mieke se pa die krokodil neem nadat hy hom verdoof het?

8.3. In watter land is die stad Beijing geleë?

8.4. Watter raaisel omtrent die krokodil word met Brad se aankoms opgelos?

8.5. Waarom het Brad daarop aangedring om die krokodil te skiet in plaas daarvan om die krokodil te laat hervestig?

8.6. Waarna verwys die term "bunny huggers"? (bl. 63)

8.7. Wie daag onverwags met 'n donderwolk op haar gesig by die rivier op?

8.8. Wat is jou mening oor die jag van wilde diere? Dink jy dit is geregverdig om 'n wilde dier in sy of haar natuurlike habitat te skiet? Gee 'n rede vir jou antwoord.

**HOOFSTUK 9**

**Opsomming:**

Ouma Maggi was baie bekommerd toe sy by 'n vreemdeling gehoor het dat 'n krokodil 'n man aangeval het. Sy het gepoog om Mieke se pa in die hande te kry, maar kon slegs oom Patrick opspoor. Sy is baie verlig dat hulle almal veilig is. Mieke se oupa laat weet dat Lukas se lewe gered kon word en dat hy sy been sal kan behou. Almal voel verlig dat dinge nie erger uitgedraai het as wat dit was nie. Terug by die huis ontdek Mieke dat Duimpie nie meer in die hokkie is nie. Haar pa verduidelik aan haar dat sy ma hom kom haal het en dat dit 'n goeie teken is dat Duimpie sterk genoeg is om te kan oorleef. Mieke voel nogtans hartseer. Haar pa voel sleg omdat hy nie haar geskenk op daardie oomblik vir haar kan gee nie, maar oorhandig wel haar ma se suster, Sylvie, se geskenk aan haar. Wanneer hy later bystand moet verleen weens 'n brand wat anderkant Kubu uitgebreek het, maak Mieke haar geskenk oop. Naas onderklere het sy ook haar oorlede ma se dagboek (plakboek) ontvang wat sy met groot vreugde deurblaai. Later klim sy en Lucy teen Koppie Alleen uit. Sy vryf haar ma se koperplaatjie blink en deel haar gedagtes met haar. Terug by die huis klim sy in die bed. Sy het 'n groot besluit om te neem. Sy voel tevrede dat haar dertiende verjaardag 'n salige dag was.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

9.1. Waarom is Ouma Maggi so kwaad vir Jos, Mieke en Fenyan?

9.2. Wat is die verhouding tussen Mieke en Ouma Maggi?

9.3. Verduidelik waarom Duimpie nie meer in sy hok was toe Mieke hom wou voer nie.

9.4. Watter belangrike lewensles het Mieke daardie dag geleer?

9.5. Gee ’n kort beskrywing van Sylvie Meerhof.

9.6. Vertaal Sylvie se boodskap aan Mieke in Afrikaans. (bl. 73)

9.7. Waarom is die pienk dagboek wat Sylvie vir Mieke gestuur het spesiaal?

9.8. Wat beteken “Ik ben jarig”?

9.9. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Mieke se ma is in Kubu se begraafplaas begrawe.

9.10. Het jy al ooit jou gedagtes en gevoelens in ’n dagboek neergeskryf? Wat, dink jy, kan die voordele wees om in ’n dagboek te skryf?

9.11. Watter groot besluit moet Mieke neem?

9.12. Voel jy skrikkerig of dalk bekommerd om hoërskool toe te gaan nadat jy graad sewe geslaag het? **Bespreek in die klaskamer**.

Tafelberg

**HOOFSTUK 10**

**Opsomming:**

Mieke en Fenyan ontmoet mekaar by die donkiekamp. Fenyan lag vir Mieke oor die feit dat sy nie paaseiers gekry het om te eet nie aangesien die blouape alles opgevreet het. Fenyan merk op dat ’n paar dinge anders aan Mieke is noudat sy dertien jaar oud is. Mieke weet die seuns in haar klas gaan giggel en aanmerkings daaroor maak. Fenyan vertel vir Mieke dat dit goed gaan met Lukas en dat sy pa hom met die helikopter by die hospitaal sal gaan oplaai wanneer hy ontslaan word. Hulle gesels oor die opkomende kompetisie en is vasbeslote dat hulle nie vanjaar weer die tweede posisie in die kompetisie wil behaal nie, maar eerste plek wil verower. Mieke is egter bekommerd oor Smiley wat ’n moontlike swak skakel in hulle span kan wees. Naby die skool merk Fenyan op dat Brad Sharp op sy selfoon staan en gesels. Fenyan besluit om met sy donkie op meneer Sharp af te jaag. Meneer Sharp is gevolglik baie



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

ontsteld. Suster Maria tree tussenbeide en sê dat meneer Sharp se taalgebruik nie geskik is vir kinderore nie. Suster Maria vind uit dat meneer Sharp vir ’n landmeter wag en dat hulle opmetings gaan kom doen. Mieke vermoed dat dit niks goed voorspel nie aangesien daar voorheen sprake was om hulle skool te verskuif. Mieke wens dat sy Mister (meneer) Cassidy kan vaskeer en dwing om te belowe dat hulle skool nie verskuif sal word nie.

**Kontekstuele vrae:**

10.1. Waarom het Mieke se pa die paaseiers in die stoor waar hy die grassnyer bêre, weggesteek?

10.2. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Mieke dra haar nuwe rooi stewels skool toe as simbool van haar pasverworwe tienerskap.

10.3. Dink jy dit is waar dat dertienjarige meisies meer volwasse as dertienjarige seuns is? **Bespreek in die klas**.

10.4. Watter drie skole naas St Joseph’s gaan aan die kompetisie deelneem?

10.5. Waaruit kan jy as leser aflei dat Brad ’n slinkse of onbetroubare persoon is?

10.6. Wat behels die werk van ’n landmeter? (**Raadpleeg die internet of ’n biblioteek indien jy onseker is oor die antwoord**.)

10.7. Aan wie behoort St Joseph’s Private School?

10.8. Indien jy kon kies, sou jy in ’n klein skooltjie soos St Joseph’s wou skoolgaan of verkies jy om in ’n groot skool met baie leerders skool te gaan?

**HOOFSTUK 11**

**Opsomming:**

Suster Maria is baie ontsteld oor meneer Sharp se besoek en optrede by die skool. Sy dink terug aan haar jeug en hoe belangrik die skool vir wyle (oorlede) meneer Sean Cassidy was. Smiley noem aan Mieke dat haar oupa hom help om vir die kompetisie voor te berei na wat hy as “Bosjan se universiteit” verwys. Tydens die openingseremonie sing die leerders “All things bright and beautiful” wat Mieke diep aanraak. Dit laat haar net weer eens besef hoe spesiaal hulle skooltjie is en hoe bevoorreg die leerders is om daagliks in kontak met die natuur te kan wees. Brad



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Sharp daag later weer by die skool op en Suster Maria wys vir Mieke dat die man met die blou hemp die landmeter is wat opmetings gaan kom doen. Sy kom tot die gevolgtrekking dat daar moeilikheid op pad is en besef dat sy die probleem sal moet oplos. Sy vra vir Mieke om na juffrou Naledi se klas te kyk en vir Fenyan om die seniors besig te hou. Mieke lees vir die kleintjies stories voor terwyl Suster Maria meneer Sharp en sy bende aanvat.

**Kontekstuele vrae:**

11.1. Lees die titel van die hoofstuk. Die titel verwys na ’n bekende gedig deur die Afrikaanse digter Boerneef. Soek die oorspronklike gedig waarna die titel verwys. (**Vra jou onderwyser om jou te help**. **Kyk ook op bl. 91**.)

11.2. Hoe ken meneer Sean Cassidy en Suster Maria mekaar?

11.3. Na watter heilige verwys St Joseph’s na wie Mieke se skool vernoem is?

11.4. Verduidelik waarom daar ’n kruis op die gewel van St Joseph’s Private School se dak is. **(Leidraad: Godsdiens)**

11.5. Waarom is die lied “All things bright and beautiful” ’n gepaste lied om by dié skool te sing?

11.6. Waarom kan juffrou Naledi nie daardie dag haar klasse onderrig nie?

11.7. Dink jy dit is ’n goeie besluit om ’n senior leerder in beheer van ’n groep jong kinders by ’n skool te plaas? **Bespreek in die klaskamer**.

11.8. In watter land word die taal Shangaan hoofsaaklik gepraat? (**Raadpleeg die internet of ’n biblioteek**.)

**HOOFSTUK 12**

**Opsomming:**

Fenyan lui die handklok om die begin van pouse aan te dui. Voordat Mieke en Fenyan vir hulle ’n paasbolletjie kan kry, sê Suster Maria dat hulle in haar kantoor moet gaan wag. Gelukkig bring Dennis vir hulle ’n paasbolletjie om te eet. Suster Maria lig hulle in dat meneer Sharp beplan om die vliegveld te verleng en die skool asook die storieboom uit die weg wil ruim. Suster Maria lig hulle in dat die skool aan Cassidy’s International behoort en hulle die reg het om die skool te verskuif. Suster Maria en Oupa Bosjan is egter trustees van die skool en lig vir Mieke in dat hulle deur middel van diplomasie die skool asook die groot kremetartboom (storieboom) sal probeer red.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Suster Maria vra Mieke en Fenyan om by die skool uit te help aangesien sy baie besig gaan wees om die voorgestelde plan te beveg. Mieke neem die kleintjies na die boom om in die koelte te gaan sit en sing. Die landmeter staan en luister hoe die kleintjies sing. Later gesels hy met Mieke en vertel vir haar wat meneer Sharp se planne is en waarom Suster Maria-hulle nie vir meneer Cassidy sal kan kontak nie. Mieke besluit dat sy vir hulle storieboom sal baklei. Later wys sy vir die kleintjies die berghaan wat hoog in die storieboom sit. Terwyl Mieke en Fenyan by die donkiekamp staan, hoor hulle ’n geskree van remme en ’n dowwe slag. Hulle spring op die donkies en jaag na die toneel waar Suster Maria verongeluk het. Oom Patrick neem Suster Maria na Oupa Bosjan vir behandeling. Fenyan merk egter op dat hy onraad vermoed aangesien dit onwaarskynlik is dat twee bande gelyktydig kan bars.

**Kontekstuele vrae:**

12.1. Dink jy dit is regverdig dat graad sewes sekere voorregte in die laerskool het? **Bespreek in die klaskamer**.

12.2. Waarom is dit volgens Fen belangrik dat hulle skool die kompetisie moet wen? Verduidelik.

12.3. Wat is die vertaling van ‘Stille nag’ in Setswana?

12.4. Watter belangrike inligting deel die landmeter met Mieke?

12.5. Hoekom sal dit moeilik wees om meneer Cassidy te kontak?

12.6. Voltooi die volgende versreël uit ’n gedig van Boerneef deur slegs die oorspronklike ondersteepte woorde uit die gedig te identifiseer. Skryf slegs die korrekte letter neer. (bl. 102)

“Die **<u>berghaan</u>** het ’n veer laat val, van die hoogste **<u>tak van die storieboom</u>**.”

A: berghaan; berg by Woeperdal
B: berggans; krans by Woeperdal
C: bergvoël; tak van die kremetartboom
D: berghaan; krans by Woeperdal

12.7. Waaroor wil Mieke met Fenyan by die donkiekamp gesels?

12.8. Wie het eerste by Suster Maria se ongelukstoneel opgedaag?

12.9. Waarom is bome belangrik vir beide mens en dier? Bespreek.

12.10. Dink jy dit is blote toeval dat twee van Suster Maria se bakkiebande terselfdertyd gebars het? **Bespreek in die klaskamer**.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

**HOOFSTUK 13**

**Opsomming:**

Na skool besluit Mieke en Fenyan om nie direk huis toe te gaan nie, maar om eers by Oupa Bosjan te gaan kuier. Hulle vertel vir Oupa Bosjan wat die oggend by die skool gebeur het en dat hulle vermoed dat iemand met Suster Maria se bande gepeuter het. Oupa Bosjan maak vir hulle ’n gesonde slurpie aangesien Mieke honger is. Mieke vertel vir Oupa Bosjan wat haar klasmaats beplan, maar Oupa Bosjan gee vir hulle raad op watter wyse hulle meneer Sharp se plan moet beveg. Alhoewel Fenyan dink dat Oupa Bosjan hulle nie juis gehelp het nie, besef Mieke dat haar oupa se raad baie waardevol is en dat hulle ’n ander plan gaan maak om die skool asook die kremetartboom teen meneer Sharp en sy stootskrapers te beskerm.

**Kontekstuele vrae:**

13.1. Op watter manier hou Oupa Bosjan ongenooide besoekers weg van sy huis af?

13.2. Waarvoor het Fenyan se donkie geskrik?

13.3. Watter bestanddele gooi Oupa Bosjan in die drankie (slurpie) wat hy vir Mieke en Fenyan maak?

13.4. Maak ’n opsomming van die planne waarmee die leerders in Mieke se klas vorendag gekom het om die skool te red.

13.5. Verduidelik hoe ’n kiewiet ’n indringer weglok van haar nes af.

13.6. Hoe moet ’n mens volgens Oupa Bosjan met ’n boelie te werk gaan?

13.7. Dink jy Oupa Bosjan se raad aan Mieke en Fenyan is goeie raad? **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 14**

**Opsomming:**

Mieke gesels lank met Sylvie op haar selfoon en stuur ook vir haar die video wat sy onder die storieboom opgeneem het. Sylvie is baie beïndruk met Mieke se opname van die kinders se sang en vra of sy Kersfees in April vier. Sy deel haar plan met Mieke om die boodskap by meneer Cassidy te kry deur die hele storie op haar nuusprogram *Nuus met Sylvie* te vertel. Mieke is dadelik baie opgewonde, maar besef



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

dat sy baie take het om uit te rig voor die konsert kan plaasvind. Boonop moet hulle vir die Natuurkennis-finaal voorberei wat op dieselfde dag as die konsert plaasvind. Mieke se pa kom kyk waarom sy so laat wakker is en sy wys vir hom haar plan wat sy in haar dagboek neergeskribbel het. Met hierdie plan kan Mieke-hulle moontlik die skool asook die storieboom red.

**Kontekstuele vrae:**

14.1. Wie het met die idee van ’n Kerskonsert vorendag gekom?

14.2. Waar kom die titel van die jeugroman vandaan? (bl. 116)

14.3. Wat is volgens Sylvie drie van die magtigste wapens?

14.4. Watter voorbereidings moet Mieke tref voor die konsert kan plaasvind?

14.5. Wat is die primêre doel van die konsert?

14.5. Dink jy die plan sal die skool en die storieboom kan red? **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 15**

**Opsomming:**

Alhoewel die leerders in Mieke se klas baie planne gehad het om meneer Sharp se planne in die wiele te ry, het almal skielik ’n verskoning waarom hulle nie hulle plan kan uitvoer nie. Gelukkig het Mieke reeds ’n plan in gedagte na haar gesprek met Sylvie. Mieke staan voor in die klas en kondig aan dat hulle ’n konsert gaan hou. Later vergader al die leerders onder die storieboom en Mieke sê vir hulle dat hulle aan ’n konsert gaan deelneem. Die kinders is baie opgewonde. Mieke het met haar pa gereël om vir meneer Sharp ’n boodskap te stuur om hom te vra om skool toe te kom. Wanneer hy by die skool opdaag, klap die leerders vir hom hande en Mbali oorhandig sy uitnodiging na die konsert. Meneer Sharp is verbaas oor Mieke se Kersfees in April-konsert. Hy stem ook in dat die plan om die skool te sloop en die boom te verwyder met ’n week uitgestel sal word. Fenyan sê vir Mieke dat hy nie volgende week vir die konsert sal kan oefen nie aangesien hy saam met Smiley na Oupa Bosjan se universiteit gaan om vir die Natuurkennis-finaal voor te berei.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

15.1. Waarom het Smiley ’n blou-oog?

15.2. Verduidelik waarom die graadseweseuns nie kan sing nie.

15.3. Watter bynaam het die seuns vir Mieke gegee?

15.4. Dink jy juffrou Lettie is ’n streng onderwyser? Gee ’n rede vir jou antwoord.

15.5. Watter opdrag kry die kinders om in die klaskamer te doen?

15.6. Waaroor is Fenyan baie opgewonde?

15.7. Wat gaan Fenyan se taak tydens die konsert wees?

**HOOFSTUK 16**

**Opsomming:**

Mieke staan baie vroeg op om alles gereed te kry vir die konsert. Fenyan is by Oupa Bosjan om verder vir die kompetisie voor te berei. Suster Maria wens Mieke geluk met die dekor asook die tyd wat sy met Sylvie se hulp vir hulle gewen het om die skool se voortbestaan te probeer red. Mieke en haar pa klim tot hoog in die boom sodat sy kan seker maak dat die konsert vlot verloop. Haar pa stel voor dat hulle die aasvoël wat Mieke as versiering op die boom wil gebruik daardie oggend kan vrylaat. Mieke dink aan alles wat moontlik verkeerd kan gaan tydens die konsert, maar gelukkig verloop alles volgens plan. Ouma Maggi laai die eetgoed af en selfs Lukas het na die konsert kom kyk. Kort voor die konsert begin, daag meneer Brad Sharp op. Aan die einde van die konsert oorhandig Suster Maria ’n geskenk aan meneer Sharp waarna die kleintjies weer begin sing. Bo in die boom maak Mieke die hok se deurtjie oop sodat die aasvoël vrygelaat kan word. Mieke se pa bied aan om die opname van die konsert vir Sylvie te stuur. Dit wil voorkom asof hulle plan om die skool en die storieboom te red, gaan werk.

**Kontekstuele vrae:**

16.1. Hoe lyk ’n kremetartboom? Soek ’n prentjie van die boom en plak dit in jou werkboek. Jy kan ook ’n prentjie van die boom teken. (**Raadpleeg die internet of ’n biblioteek**.)



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

16.2. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Die rol van die wyse manne word deur die kleintjies gespeel.

16.3. Verduidelik wat 'n hommeltuig (bl. 130) is.

16.4. Wie is Dirkie Vos?

16.5. Wie het almal met die helikopter by die konsert opgedaag?

16.6. Watter rol het Lucy in die konsert vertolk (gespeel)?

16.7. Sou jy sê dat die konsert 'n sukses was? Bespreek.

**HOOFSTUK 17**

**Opsomming:**

Oom Patrick laai vir Mieke-hulle met Kubu se helikopter op Excelsis se rugbyveld af. Haar pa moedig haar aan om te wen aangesien hy en oom Patrick 'n weddenskap in die dorp aangegaan het en 'n paar biere op die spel is. Mieke gaan sit bo-op die bed in die koshuiskamer en bekyk alles in die kamer. Sy wonder waarom sy nog niks van Sylvie gehoor het nie. Sy gaan sit op die vloer en luister na voëlgeluide op haar foon, maar raak met haar oorfone in haar ore aan die slaap. Die volgende oggend is daar 'n gehamer teen haar kamerdeur. Haar pa is baie bekommerd toe sy die kamerdeur oopsluit aangesien niemand haar kon opspoor nie. Sy sien dat haar selfoon se battery pap is. Die deelnemers aan die kompetisie sit reeds op die verhoog toe Mieke in die saal instap. Na vier rondtes vrae is die spanne gelyk. Na die kort pouse vind die finale rondte plaas. Mieke en Fenyan slaag albei daarin om hul onderskeie vrae maklik te beantwoord. Hulle is bekommerd dat Dennis moontlik sy vraag verkeerd mag beantwoord, maar Dennis ken die antwoord op die vraag en laat boonop die gehoor en beoordelaars skaterlag met sy antwoord. St Joseph's word as die wenners van die kompetisie aangewys.

**Kontekstuele vrae:**

17.1. Verduidelik waarom Mieke so moeg is toe hulle by Excelsis aankom.

17.2. Watter besluit neem Mieke toe sy voor die koshuiskamer se venster staan?

17.3. By watter skool vind die Natuurkennis-kompetisie plaas?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

17. 4. In watter kategorieë is die vrae opgedeel wat die deelnemers moet beantwoord?

17.5. Verduidelik waarom die rooiborsbyevreter nie haar nes skoonmaak nie.

**HOOFSTUK 18**

**Opsomming:**

Mieke, Fenyan en Dennis het die kompetisie gewen en die fotograaf neem foto's vir die plaaslike koerant. Mieke is bly om te sien watter uitwerking tannie Gloria se aanwesigheid op Fenyan asook oom Patrick het. Excelsis se skoolhoof wens die span geluk met hulle oorwinning en oorhandig aan elkeen 'n koevert met die skool se brosjures daarin. Mieke, Patrick en Dennis (Smiley) word uitgenooi om die toelatingstoets te skryf. Die hoof noem ook dat daar groot beurse op die spel is. Mieke is dadelik bekommerd toe sy sien dat die skoolhoof met haar pa staan en gesels. Mieke se pa wys later vir haar die boodskappe van Sylvie en die positiewe uitwerking wat haar televisieprogram gehad het om hulle skool asook die storieboom te red. Toe Mieke en haar pa by die skoolhekke uitstap, laat gly sy Excelsis se koevert saggies in die vullisdrom.

**Kontekstuele vrae:**

18.1. Waarom is Mieke so bly om Fen en sy ma saam te sien wanneer hulle vir die foto poseer?

18.2. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**? (Lees bl. 150-151)

Tydens die fotonemery sien Mieke dat oom Patrick en tannie Gloria baie kwaad is vir mekaar.

18.3. Wat beteken dit as iets "kostelik" is? Verduidelik. (bl. 151)

18.4. Verduidelik waarom Mieke bekommerd is toe sy sien dat die skoolhoof van Excelsis eenkant met haar pa staan en gesels.

18.5. Watter positiewe uitwerking het Sylvie se televisieprogram op Mieke-hulle se skool asook die storieboom gehad?

18.6. Waarom, dink jy, het Mieke Excelsis se koevert in die groot geel vullisdrom buite die skoolhekke gegooi?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 19

**Opsomming:**

Mieke kuier by haar ma se rots. Die helikopter het haar pa al vroegoggend kom haal aangesien hy gemeenskapswerk gaan verrig deur diere teen hondsdolheid in te ent. Mieke het besluit om in haar ma se pienk boek verder oor haar eie lewe te skryf. So skryf sy van meneer Sharp wat eintlik ’n smokkelaar is en deur die polisie gearresteer is. Sy hoor later stemme en sien dat die dooie krokodil se karkas verwyder word aangesien Ouma Maggi die gebeente wil laat skoonmaak en in ’n uitstalkas op die lodge se stoep wil plaas. Cassidy’s International is skielik besig om baie geld in die skool te belê. Suster Maria jaag rond in haar nuwe bakkie en daar is baie besoekers en weldoeners wat die omgewing besoek nadat Sylvie se program uitgesaai is. Sy gaan selfs ’n opvolgprogram kom skiet. Later daag Fenyan op en Mieke sien sy splinternuwe stewels wat Oupa Bosjan vir hom gemaak het. Fenyan vertel vir Mieke dat sy ma by die lodge is om met Ouma Maggi te praat aangesien hy besluit het om die toelatingstoets vir Excelsis te skryf. Mieke gaan nie die toelatingstoets skryf nie en Smiley se pa het die koevert met die brosjure opgeskeur. Mieke besef dat sy moontlik vir Fenyan gaan verloor indien hy in graad agt in Excelsis se koshuis gaan bly. Sy gaan egter die rekenaar wat haar pa vir haar as verjaardagpresent gegee het gebruik om aanlyn skool te gaan. Mieke is vasbeslote dat haar voetspore altyd op Mtwana sal bly.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

19.1. Wat is hondsdolheid? (**Raadpleeg die internet of ’n biblioteek**.)

19.2. Verduidelik waarom meneer Brad Sharp die aanloopbaan tot by Cassidy’s Ranch se hekke wou laat verleng.

19.3. Wat is ’n katlagter? (**Raadpleeg die internet of ’n biblioteek**.)

19.4. Watter lekkergoed kan jy in Suid-Afrika koop wat soortgelyk aan Nederlandse “drop” is? (**Raadpleeg die internet of ’n biblioteek indien jy nie weet wat “drop” is nie**.)

19.5. Indien jy Mieke was, sou jy verkies het om Excelsis toe te gaan of om eerder of Mtwana te bly en tuisonderrig via die internet te ontvang? **Bespreek in die klaskamer**.

19.6. Dink jy Mieke en Fenyan se vriendskap sal bly voortbestaan indien hy Mtwana verlaat om Excelsis by te woon? Bespreek.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## MEMORANDUM: KONTEKSTUELE VRAE

### HOOFSTUK 1

1.1. Die woord “Mtwana” beteken ‘kind’.

1.2. Leerder moet prente in sy/haar werkboek plak.

1.3. **Leerder se eie mening**.

1.4. Onwaar

1.5. Die gesegde beteken dat ’n mens nie ’n geskenk moet kritiseer nie.

1.6. Mtwana is minder as ’n kilometer breed en drie kilometer lank.

1.7. Met hierdie stelling probeer Mieke se pa sê dat die werklike natuurbewaring op hulle reservaat (wat tussen Cassidy’s Ranch en Kubu nasionale park geleë is), plaasvind. Soos met ’n perdeby se lyf, vorm Mtwana die perdeby se lyf en die ander twee reservate die vlerke.

1.8. Limpopo

1.9. Die wildreservaat word deur borge asook besoekers aan die lodge befonds.

1.10. Bilharzia is ’n parasiet wat in stilstaande water voorkom. Die parasiet dring die menslike liggaam deur die vel in waarna dit in die bloedstroom opgeneem word en na die lewer en ander organe versprei. Die parasiet veroorsaak ’n infeksie wat met medikasie behandel moet word.

1.11. Veeartse (dus nie mediese dokters nie)

1.12. Mieke se pa is bang dat die tou breek en Mieke haarself kan beseer. Boonop kan sy in die rivier val en siek word van die stilstaande water.

1.13. Die visvanger se kloue en naels is baie skerp en kan sy hand beseer indien hy nie handskoene dra nie.

### HOOFSTUK 2

2.1. Hy het nog nie die nagapie ondersoek nie en weet dus nie of die dier enige siektes onder lede het nie.

2.2. Hulle hou ’n skattejag met briefies wat as leidrade weggesteek is om sodoende die paaseiers op te spoor.

2.3. Die leser kan aflei dat haar pa hartseer is. Haar ma is heel waarskynlik oorlede.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

2.4. Dit is baie droog en gevolglik is die mopanieveld smaakloos. Die olifante het deur die elektriese draad gebreek om by die piesangplantasie uit te kom.

2.5. Ierland

2.6. Polokwane

2.7. Natuurkennis-kompetisie

2.8. Onwaar

2.9. C

2.10. Sy voel dat sy nou te groot is om steeds 'n babanaampie genoem te word. Sy is immers amper 'n tiener.

2.11. **Leerder se eie antwoord**.

2.12. **Leerder se eie mening**. Bespreek in die klaskamer.

**HOOFSTUK 3**

3.1. **Leerder se eie mening**. Bespreek in die klaskamer.

3.2. Sy gaan heel waarskynlik nuwe vellies as geskenk van haar oupa kry.

3.3. Krokodille beweeg gewoonlik nie baie nie en lê stil op die rivieroewer of beweeg stadig in die water.

3.4. Hy moet 'n video-opname maak.

3.5. **Leerder se eie antwoord**.

3.6. Klasbespreking. Leerders se eie antwoorde.

3.7. **Leerder se eie mening**.

3.8. Krokodille, seekoeie en parasiete wat siektes kan veroorsaak.

**HOOFSTUK 4**

4.1. Fenyan was veronderstel om haar af te neem en nou is hy nie op die rivieroewer nie.

4.2. Sy wil haarself doop en haar babanaampie afwas. Sy is nou Mieke en 'n tiener. Boonop wil sy bewys dat sy soos Fenyan bo-oor die swempoel tot in die rivier kan swaai.

4.3. Hy sou 'n boomwortel gebruik het. **Leerder se eie mening**.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

4.4. Jy plaas twee vingers op jou hart, soen jou vingerpunte en steek hulle in die lug.

4.5. Hy het ’n opname op haar selfoon gemaak.

4.6. Waar

4.7. Die plaaseienaar woon in Amerika en daar is dus nie voldoende toesig oor die werknemers nie.

4.8. **Leerder se eie antwoorde**. (Diere kan verstik. Diere kan hulself met gebreekte glas sny of ernstig beseer.)

4.9. 20 minute

4.10. **Leerder se eie mening**.

## HOOFSTUK 5

5.1. Hulle wou uitvind watter tipe krokodil hulle moontlik in die rivier gesien het.

5.2. Mieke-hulle is ekologies bewus en probeer so ‘groen’ as moontlik leef deur sonpanele in stede van elektrisiteit wat deur steenkool opgewek word te gebruik.

5.3. Wanneer ’n persoon of dier (soos ’n hond) deur ’n besmette bosluis gebyt word, kry die persoon bosluiskoors.

5.4. Fenyan se ma is ’n prokureur.

5.5. Mieke stel voor dat hulle moet maak asof hulle die dier in die video vir die kompetisie moet kan identifiseer.

5.6. Dit is Mieke se dertiende verjaardag.

5.7. Onwaar

5.8. Fenyan voel asof sy ma hom versaak het. Sy het haar loopbaan bo hom gekies.

5.9. Dit titel van die hoofstuk verwys na die titel van ’n liedjie of kinderverhaal.

5.10. Die hasie se stert is ook kort soortgelyk aan die krokodil wat ’n deel van sy stert verloor het.

## HOOFSTUK 6

6.1. Hy sing eers vir haar in ’n operastem; daarna haal hy ’n bruinpapiersak agter sy rug uit en oorhandig haar geskenk terwyl hy ’n versie opsê.

6.2. Hy is van mening dat ’n dertienjarige meisie nie meer vellies moet dra nie.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

6.3. Mieke se oupa het die stewels self gemaak.

6.4. Haar oupa het die letter “M” vir Mieke agter op die hak in die leer gedruk.

6.5. Haar ma is deur ’n muskiet gebyt wat ’n parasiet in haar bloedstroom laat beland het. Gevolglik het sy gesterf nadat haar brein daardeur aangetas is.

6.6. Haar oupa is kwaad vir haar omdat sy haar lewe in gevaar gestel het deur in die rivier te spring.

6.7. Die donkie wil nie beweeg nie. (Hy/sy staan stil – is dus steeks.)

6.8. **Leerder se eie antwoord**. Bespreek in die klaskamer.

6.9. **Leerder se eie mening**.

## HOOFSTUK 7

7.1. Die boorgat by hulle huis het opgedroog en gevolglik kom die bokke by die rivier water drink.

7.2. Onwaar

7.3. Hulle vermoed dat daar ’n krokodil in die water skuil. Dit is dus gevaarlik aangesien die krokodil vir Lukas of sy bokke kan aanval.

7.4. Fenyan erken dat hy vir sy pa sowel as Mieke se pa van die krokodil vertel het.

Tafelberg

7.5. **Leerder se eie mening**.

7.6. Dit is Oupa Bosjan se bynaam.

7.7. Mieke se oupa is ’n gekwalifiseerde mediese dokter.

7.8. Lukas kan sterf indien hy te veel bloed verloor.

7.9. **Leerder se eie antwoord**. Bespreek in die klaskamer.

## HOOFSTUK 8

8.1. Mieke het aan skok gely. Sy het ook nie ontbyt geëet nie en haar bloedsuikervlak (glukosevlak) kon skielik gedaal het.

8.2. Hy gaan die krokodil na Kubu se krokodilpoel verskuif.

8.3. Sjina

8.4. Brad het die vorige week ’n deel van die krokodil se stert afgeskiet.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

8.5. Cassidy's kan nie enige slegte publisiteit bekostig nie. Boonop kan hulle vir skade gedagvaar word indien een van hulle krokodille 'n persoon aanval aangesien die krokodil aan meneer Cassidy behoort.

8.6. Die term verwys na mense wat omgewingsbewaring nastreef of individue vir wie dit belangrik is om die planeet (diere en plante) te beskerm.

8.7. Ouma Maggi

8.8. **Leerder se eie mening.**

## HOOFSTUK 9

9.1. Sy was bang dat een van hulle deur die krokodil aangeval is en kon hul ook nie per telefoon kontak nie.

9.2. Ouma Maggi is vir Mieke 'n grootmaakma – 'n moederlike figuur.

9.3. Duimpie se ma het hom kom haal.

9.4. Die lewe is die grootste geskenk wat enige persoon kan ontvang.

9.5. Sylvie Meerhof is Mieke se ma se suster. Sy woon in Amsterdam. Sy het haar eie nuusprogram op Nederlandse televisie.

9.6. Gelukkige verjaardag, liewe Mieke. Ek hoop dat die onderklere pas. Bly altyd vroulik in die wildernis. Drukkies, Sylvie.

Tafelberg

9.7. Dit was Mieke se ma se dagboek toe sy so oud soos Mieke was.

9.8. Ek verjaar.

9.9. Onwaar

9.10. **Leerder se eie antwoord**.

9.11. Mieke moet besluit waar sy volgende jaar sal skoolgaan.

9.12. **Leerder se eie antwoord**. Bespreek in die klaskamer.

## HOOFSTUK 10

10.1. Die stoor het luggate wat die vertrek koel hou sodat die sjokolade nie sal smelt nie.

10.2. Waar

10.3. **Leerder se eie mening**. Bespreek in die klas.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

10.4. Victory College, Alpha en Excelsis.

10.5. Sy bynaam is “Bad Brad”.

10.6. Die persoon moet die grondgebied opmeet om die ligging van ’n bouprojek te bepaal.

10.7. Meneer Cassidy van Cassidy’s International.

10.8. **Leerder se eie antwoord**.

## HOOFSTUK 11

11.1. “Die berggans het ’n veer laat val”

11.2. Hulle het in dieselfde Ierse dorpie grootgeword.

11.3. Hy is die heilige tot wie ons bid vir ’n gelukkige sterwe.

11.4. Die skool is ’n Rooms Katolieke skool / Christelike skool.

11.5. Die skool is in ’n natuurreservaat/wildreservaat geleë en die lied besing die skoonheid van die natuurlike omgewing.

11.6. Sy is afwesig.

11.7. **Leerder se eie mening**. **Bespreek in die klaskamer**.

11.8. Suid-Afrika (Tsonga en Venda) – Veral in Limpopo en Mpumalanga.

## HOOFSTUK 12

12.1. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

12.2. Indien die skool nie meer lank gaan voortbestaan nie, moet hulle vir oulaas die Natuurkennis-kompetisie wen.

12.3. ‘Sigo jo bo’

12.4. Hy sê vir Mieke dat Suster Maria nie maklik vir meneer Cassidy in die hande gaan kry nie.

12.5. Hy is besig om die Noordpool saam met ’n span avonturiers te deurkruis.

12.6. B

12.7. Sy wil vir Fenyan vertel wat die landmeter vir haar vertel het.

12.8. Oom Patrick



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

12.9. Bome vervaardig suurstof en haal koolstofdioksied uit die lug. Boonop verskaf dit skaduwee vir mens en dier.

12.10. **Leerder se eie antwoord**. Bespreek in die klaskamer.

## HOOFSTUK 13

13.1. Die tweespoorpad is nie geskik vir gewone voertuie nie. Die pad is ene los klippe.

13.2. 'n Luislang het oor die pad geseil.

13.3. Papaja, piesangs, pynappel, kruie, 'n geheime poeier, 'n stuk gemmer, 'n hand vol neute en 'n skeut heuning.

13.4. Dennis gaan 'n pofadder vang en in Brad se bakkie sit.
Everglad en Blessing wil suiker in al Cassidy's se dieseltenks gooi.
Hemingway se ma ken 'n moetie-man wat erge goed met mense kan laat gebeur.
Die Khotso-tweeling wil hulle aan die boom vasketting.
Dik Frik se pa se rowwe buddies kan Brad uitsorteer.

13.5. 'n Kiewiet maak of sy beseer is en beweeg kruppel-kruppel weg van die nes af.

13.6. Jy moenie 'n boelie kwaad maak nie. Jy laat hom glo dat hy klaar die geveg gewen het. En dan, as hy dit die minste verwag, pluk jy die mat onder sy voete uit.

Tafelberg

## HOOFSTUK 14

14.1. Sylvie

14.2. Sylvie het vir Mieke gesê: "Vier je Kerst in April".

14.3. Klein kindertjies, Kersmusiek en wilde diere.

14.4. Mieke moet haar klasmaats oortuig om hulle oorlogsplanne te laat vaar. Sy moet Suster Maria se toestemming kry. Sy moet diere in die hande kry en die hele skooltjie in 'n konsert organiseer. Sy moet ook vir Brad Sharp as eregas na die konsert uitnooi.

14.5. Die doel van die konsert is om vir Suster Maria tyd te koop sodat hulle vir meneer Cassidy kan kontak.

14.6. **Leerder se eie mening**. Bespreek in die klaskamer.

## HOOFSTUK 15

15.1. Sy pa het hom geslaan omdat hy 'n pofadder in Brad se bakkie wou sit.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

15.2. Hulle het puberteit bereik en hul stemme is besig om te breek.

15.3. Miss Bossypants Giraffe

15.4. **Leerder se eie antwoord**.

15.5. Die kinders moet ’n tekening van die storieboom maak.

15.6. Fenyan noem aan die kinders dat hulle moontlik op televisie mag verskyn.

15.7. Fenyan moet die konsert opneem (verfilm).

**HOOFSTUK 16**

16.1. Die leerder moet ’n prentjie van ’n kremetartboom (baobab tree) in hul werkboek plak.

16.2. Onwaar

16.3. ’n Hommeltuig is ’n onbemande vliegtuigie wat deur ’n persoon vanaf die grondoppervlak beheer word.

16.4. Dirkie Vos het die rol van Maria vertolk toe Mieke se pa op laerskool was.

16.5. Fenyan, Dennis, Oupa Bosjan, oom Patrick en Lukas.

16.6. Lucy het ’n wegholskaap aangekeer en dus haar rol as herdershond op gepaste wyse vertolk (gespeel).

Tafelberg

16.7. **Leerder se eie mening**.

**HOOFSTUK 17**

17.1. Sy is moeg na die oggend se konsert waartydens sy alles moes organiseer.

17.2. Sy besluit dat sy nooit in ’n koshuis sal bly nie.

17.3. Excelsis

17.4. (1) voëlgeluide; (2) boomidentifikasie; (3) spoorsny; (4) reptiele en (5) algemene kennis.

17.5. Die wyfie maak nie haar nes skoon nie sodat haar kleintjies stink en die slange nie haar kuikens vang nie.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 18

18.1. Mieke is bly omdat sy weet hoe baie dit vir Fenyan beteken dat sy ma die kompetisie bygewoon het.

18.2. Onwaar

18.3. In die konteks van die sin op bl.151 beteken die woord vermaaklik, snaaks of grappig.

18.4. Sy is bang dat die skoolhoof haar pa gaan oorreed om haar Excelsior toe te stuur vir graad agt.

18.5. Mieke se skool asook die storieboom is van die stootskrapers gered. Boonop gaan die skool opgeknap word en die boom tot natuurerfenis verklaar word.

18.6. Sy stel nie belang om Mtwana te verlaat nie.

## HOOFSTUK 19

19.1. Dit is ’n infeksiesiekte by warmbloedige diere soos honde wat deur speeksel oorgedra word.

19.2. Hy wou met diere smokkel en kon sodoende die diere oor die pad tot by die vliegtuig vervoer.

19.3. Dit is ’n tipe voël.

Tafelberg

19.4. Liquorice

19.5. **Leerder se eie antwoord**. Bespreek in die klas.

19.6. **Leerder se eie mening**.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## WOORDVERKLARINGS (Sien HAT of TWEETALIGE WOORDEBOEK)

| WOORD | BLADSY | VERTALING (ENGELS) [VIR EAT-LEERDERS] | BETEKENIS [Vul die betekenis hier in.] |
|---|---|---|---|
| **luik** | **9** | *shutter / trap* | |
| **kerm** | **13** | *complain* | |
| **verdoof** | **15** | *drug / anaesthetise* | |
| **amok** | **15** | *amuck* | |
| **proes** | **16** | *burst out laughing* | |
| **swets** | **16** | *swear / curse* | |
| **jerriekan** | **20** | *jerry can* | |
| **pendel** | **23** | *commute* | |
| **ondeund** | **45** | *mischievous* | |
| **onnutsig** | **45** | *naughty* | |
| **duisel** | **60** | *spin* | |
| **toom** | **86** | *bridle* | |
| **teodoliet** | **97** | *theodolite* | |
| **berghaan** | **101** | *bateleur (eagle)* | |
| **mierleeu** | **112** | *antlion* | |

Tafelberg



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## AKTIWITEITE VIR VERRYKING

1. **Klasbespreking**: Luister na die volgende weergawes van die liedjie "Hasie, hoekom is jou stert so kort" waarna julle die verskillende sangers se weergawe met mekaar vergelyk:

   - Min Shaw: https://www.youtube.com/watch?v=3ZTguqyDl78&t=41s
   - Al Debbo: https://www.youtube.com/watch?v=QEWFMjTAmUI
   - Helene Bester en Kristi Kat: https://www.youtube.com/watch?v=OHnUgreCFWg
   - Martie Nel: https://www.youtube.com/watch?v=AotqNVO_ybE&t=56s

2. Mieke se tante woon in Amsterdam. Amsterdam is die hoofstad van Nederland. **Maak 'n plakkaat** met interessante inligting en prente oor Amsterdam. **Berei 'n kort aanbieding van twee tot drie minute voor** waarin jy die klas meer oor Amsterdam vertel.

3. Verbeel jouself jy is Mieke. Jy het vandag jou dertiende verjaardag gevier. Skryf 'n **dagboekinskrywing** waarin jy jou gevoelens oor jou verjaardag bespreek.

4. **Navorsingsaktiwiteit**: Daar word in die jeugroman na verskillende voëlsoorte verwys. Maak 'n lys van die voëlsoorte waarna daar verwys word. Verdeel die klas in groepe. Elke groep moet inligting oor 'n tipe voël versamel waarna elke groep 'n aanbieding van twee tot drie minute lewer. In die aanbieding moet prente van die voëlsoort asook interessante inligting oor die voël met die klas gedeel word. (Leerders kan van 'n plakkaat of PowerPoint-aanbieding gebruik maak.)

5. **Plakkaat**: Ontwerp 'n plakkaat (A2-grootte) waarop jy visuele uitbeeldings van al die karakters aanbring. Gebruik sleutelwoorde om elke karakter se karaktereienskappe langs die skets / prent aan te dui.

**VOORBEELD**:

*KERSFEES IN APRIL*

**KARAKTERSKETSE**

| | |
|---|---|
| **PRENT OF SKETS** | • **Mieke Maas**<br>- Hoofkarakter<br>- Graad sewe<br>- Is lief vir diere |

6. Indien prakties moontlik, **nooi die skrywer** om by die skool oor die jeugroman met die leerders te kom gesels.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE GLOSSARIUM

**Die KABV (2011:94-102) beklemtoon die volgende belangrike literêre asook nie-literêre terme waarvan die onderwyser en leerder kennis moet neem.**

**denotasie** (teenoorgestelde van *konnotasie*) **–** dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van 'n woord of uitdrukking

**dramatiese ironie –** 'n vorm van kontras; die karakter is onbewus van die ware toedrag van sake, terwyl die leser / toeskouer / ander karakters weet wat werklik plaasvind. Dié ironie verhoog (of ontlont) spanning, genot en gehoordeelname

**eksplisiet** (in teenstelling met *implisiet*) **–** betekenis wat duidelik of direk gestel word

**esteties –** betreffende die skoonheidsin; staan in verband met sensitiwiteit en waardering vir die skone soos die skoonheid van taal of die blywende waarde van tekste

**evalueer –** om 'n opinie te vorm, 'n oordeel te vel oor 'n teks

**geïmpliseerde betekenis –** betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie

**genre –** 'n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman, volksverhale / folklore

**gevolg –** die resultaat van handeling / gebeure of 'n aksie

**herlees –** 'n leesstrategie wat die leser nog 'n kans gee om 'n uitdagende teks te verstaan

**herformuleer –** 'n leesstrategie waarvolgens die leser die betekenis van 'n gelese gedeelte mondelings of skriftelik oorvertel, verkort of opsom

**huistaal** die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis en / of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; dit is die taal "waarin 'n mens dink"
**implisiet** (teenoor *eksplisiet*) **–** dit wat nie direk in 'n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word

**inklusiwiteit –** die beginsel om onderwys toeganklik vir alle leerders te maak, ten spyte van hul leerstyl, agtergrond en vermoëns; neiging om in te sluit, te omvat, op te neem

**intrige –** verwikkelde situasie wat 'n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

**ironie –** woordgebruik waarmee 'n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat 'n mens kon verwag het



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**karikatuur –** ’n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van ’n karakter en wat die spot dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur

**klimaks** (ook *hoogtepunt*) **–** die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie.

**konflik –** stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan

**konnotasie –** wat gesuggereer word deur ’n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis

**konteks –** die konteks waarbinne ’n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**kontekstuele leidrade –** ’n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in ’n teks te gebruik om betekenis te verklaar

**kontras** (ook *antitese, teenstelling*) **–** stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

**kopkaarte / breinkaarte –** grafiese netwerkvoorstelling van idees of ’n onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

**letterlik** (teenoor *figuurlik*) **–** die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde

**literêre tegnieke –** letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word

**oorsaak –** dit wat aanleiding gee tot ’n handeling / gebeure / aksie of ’n toestand te reageer

**parafrase –** die herbewoording van ’n idee in jou eie woorde

**perspektief –** ’n karakter / verteller se standpunt / siening oor kwessies in ’n roman of drama

**retoriese vraag –** ’n vraag wat gevra word nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, ’n mening uit te spreek of vir dramatiese effek (bv. *Weet jy hoe gelukkig jy is?*)

**samehang –** onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling

**sarkasme –** bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker / skrywer bedoel

**satire –** iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens / maatskappy word onthul of geopenbaar; ’n satiriese literêre werk het gewoonlik ’n bewustelike sosiale inslag



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**simbool –** ’n teken / voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig; ’n tradisionele simbool soos ’n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net ’n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook ’n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys

**sintetiseer –** die saamvoeg van idees uit verskeie bronne; ’n duidelike opsomming van hierdie saamgevoegde idees

**sleng** (ook *slang*) **–** ’n variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my ’n kop aangesit / Jy kan kwai bestuur*

**soeklees –** om jou oë oor ’n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy ’n naam of nommer in ’n telefoongids soek of ’n trein- of busrooster raadpleeg

**stem –** dit verwys ook na die skrywer se eie persona – wie die skrywer is. As ’n mens lees of kyk, kan jy ’n indruk van die skrywer se bedoeling / voorneme kry.

**stemming –** atmosfeer of emosie in geskrewe tekste; dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; dit verwys ook na die atmosfeer wat deur visuele, oudio en oudiovisuele tekste geskep word.

**stereotipe –** vaste (en dikwels partydige) siening oor ’n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)

**styl –** trant of manier van skryf; die unieke manier waarop ’n skrywer woorde en sinne “rangskik” om ’n bepaalde effek te verkry. Dit sluit woordkeuse, toon, asook sinslengte in.

Tafelberg

**subintrige –** ondergeskikte verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

**teks –** dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

**tema –** die sentrale idee of idees in ’n literêre werk. ’n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet/vanselfsprekend wees nie.

**transaksionele skryfwerk –** funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)

**vergelyk** (verwys ook na *kontras*) **–** om vas te stel op watter maniere dinge eenders of verskillend is

**vluglees –** om ’n teks baie vinnig te lees ten einde ’n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## BRONNELYS


Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.

Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.

KABV (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring). 2011. (Kyk Suid-Afrika.) Departement van Basiese Onderwys. Pretoria: Staatsdrukker.

Lawrence, D. et al. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford.

Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015 (1965). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Sesde Uitgawe*. Kaapstad: Pearson.

Neser, C. 2021. *Kersfees in April*. Kaapstad: Tafelberg.

Scholtz, P.W. & Vorster, M.E. 2013. *Viva Afrikaans Graad 12 Huistaal*. Florida Hills: Vivlia.

Steenberg, D.H. 1985. Tyd. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.


Tafelberg



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2021. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers